DIE PIKETBERGER
DIE PIKETBERGER KOERANT 1 ea
2068 1708
Jaargang 33 Nr. 8 piketberg.bergriviertourism.co.za September 2026 ☎ 022 913 1796
Alle korrespondensie aan diepiketberger@gmail.com
R5,00

Onder die Bloeisels

Piketberg se Koerant
vir Piketberg se Mense

Lees Binne

Ellistroue...p4
Mílah Rekenmeester ...p6
LoTYDE...p8
ACVV motor...p10
Mr Mistoffelees...p12
Footloose by PCS...p16
Wes-Boland Eisteddfod...pp16, 20, 22
Eskom Ekspo...p17
Mud Challenge...p18
20 jaar gelede...p20

‘Onder die Bloeisels’ *is die titel van PHS se Laerskool toneel olv Vanessa Luyt en Alicia Hanekom. Dit speel af in ‘n pragtige tuin wat wemel van interessante karakters. Een van hulle worstel met die vraag: ”Is inpas noodsaaklik vir oorlewing? Of is dit wat die wêreld jou laat glo?”*
Die rolverdeling is agter JJ Swart (Victor Vlieg), Elna Pretorius (Alexis Skoenlapper), Ella Visser (Vivian Vlieg), Noa van Schalkwyk (Oliver Theodore Bezuidenhout Muskiet), Ava Pascoal (Isabella Skoenlapper), Believe Chibanda (Vincent Vlieg), Stephanie Barry (Majoor Mier), Klaradyn Strydom (Juf Bocceli Mol) en voor Ilcke Scholtz (Mier 357), Jané Hanekom (Lolla Liewenheersbesie), Wilhelm Coetzee (Benji By), Auné Leonard (Mier 391) en Riley Julius (Lienkie Liewenheersbesie).

AUTOTECH Est. 1991
Business Hours:
Mon - Thur: 08:00 - 17:00
Fri: 08:00 - 16:30
Closed during 13:00 - 14:00 daily
Sat/ Sun/ Public Holidays: Closed
Tel: 022 913 1939
(discontinued from 01 March 2026)
+27 73 248 3279
autotechpiketberg@gmail.com
37 Die Trek, Piketberg, WC

DEEL VAN DIE GEMEENSKAP - IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP
SUPERSPAR
BOLAND
•SINCE 1987•
Become a Member of our Promotional WhatsApp Group:

Redaksioneel

Sonskyn Blare Reën Bloeisels

‘n Noodsaaklike tema in storieboeke, konserte en woordeskathoekies in kleuterskole is dié van seisoene. Dit dui die perfekte ritme in die natuur aan, ná elke drie maande wissel die temperatuur, verander die omgewing en is mens en dier besig om aan te pas by nuwe omstandighede. Prentjies van somersonvakansies word ingekleur, gevolg deur die skouspel van herfskleur blare wat warrel in die wind, bibberende figure toegewikkel in serpe en jasse… en dan die welkome gesig van uitbundige bloeisels en blommeprag aan boom en veld. Kinders leer oor klere, beroepe en sportsoorte wat pas by elke seisoen.
Maar dis net die ‘veronderstelling’. Dinge werk nie altyd so nie en vanjaar, op Piketberg veral, ervaar ons die ‘uit-ritme-wees’ aan eie lyf. Mag elkeen wat op enige manier, fisies en geestelik, ‘uit-ritme-voel’, vrede vind in die wete dat God in beheer is en altyd sal wees.
Met liefde, Marietha

PIKETBERG BLOEDSKENK KLINIEKE 2026
11h00-16h00
Piketberg Sinagoge
Kerkstraat

30 Sept 29 Okt

Die Piketberger Redaksie

Berigte, Uitleg en Proeflees: Marietha Goosen
☎ 022 913 1796; 083 654 3170
Admin en verspreiding: Marietha Goosen
Advertensies: diepiketberger@gmail.com
Rekeninge: Michelle Pretorius

Volblad: *R580* ***Halfblad:*** *R410*
Kwartblad: *R280* ***Agsteblad:*** *R200*

Marietha Goosen

Michelle Pretorius

WAAR SIEN JY?

Waar in Piketberg sal jy dié sien?
Whatsapp jou naam en antwoord na 084 511 2886 en kyk in die volgende uitgawe van *Die Piketberger* wie eerste die regte antwoord gestuur het.
Die volgende raaisel sal ook daar verskyn....

Kom ons Piketbergers raak meer van ons Erfenis bewus!

Piketberg Erfenis

Piketberg Erfenis

WAAR SIEN JY?

Die leidraad (kenmerk) in die Augustus 2026 uitgawe van *Die Piketberger* was:

Die antwoord:

Dié gebou is in 1926 gebou, in dieselfde tyd as die huidige Polisiegebou. Eers ‘n wooneenheid, maar later die kantoor van ‘n prokureur en toe die Baljukantoor, omdat die gebou oorkant die pad later ook die Piketberg Landdroshof gehuisves het. Die eerste korrekte antwoord was weer van Leandré Greeff.

info@piketbergmuseum.co.za

AGRISELL
the source of prime property

Properties | Eiendomme

Plase & Kommersiële Eiendomme
Quinten Somers: 076 512 2215
Thys Basson: 083 448 1802

Residensieel
Chris-Fick van Niekerk: 083 293 9762
Sandra van Wyk: 082 531 1617

Verhurings
Sue-Maré de Vries: 084 654 2388
Yolanda Crous: 084 506 4288

Te Koop **R26 000 000**

Vrugte-, Blomme- en Buchuplaas | 317 Ha
Piketberg
Kontak Quinten: 076 512 2215

Te Koop **R4 200 000**

Leefstyl plaas | 38.8 Ha
Elandsbaai
Kontak Quinten: 076 512 2215

Te Koop **R1 750 000**

2 Slaapkamer Woonstel | 2 Badkamers
Kerkstraat, Piketberg
Kontak Chris-Fick: 083 293 9762

Te Koop **R1 380 000**

1 Slaapkamer Woonstel | 1 Badkamer
Kerkstraat, Piketberg
Kontak Chris-Fick: 083 293 9762

Te Huur **R11 500 p/m**

3 Slaapkamer Huis | 2 Badkamers
Porterville
Kontak Sue-Maré: 084 654 2388

Te Huur

Storkamer | Piketberg
3m x 6m: R1400 p/m | 3,5m x 7m: R1700 p/m
Kontak Yolanda: 084 506 4288

022 300 0132 | info@agrisell.co.za | Kerkstraat 9, Piketberg

Die Dominee en die Juffrou

Marius Ellis en Marizahn Landman is op Sondag 9 Augustus 2026 in die huwelik bevestig deur die bruid se pa, ds Pieter Landman. Die seremonie is by die NG gemeente, Eendekuil gehou, waar ds Marius Ellis predikant is. Marius en Marizahn het mekaar op Piketberg ontmoet, waar Marizahn 'n wiskunde onderwyseres is by PHS.

Bergrivier Dental
TANDHEELKUNDIGE PRAKTYK
Dr. Truter • Dr. Smalberger • Dr. Müller • Bendert Smit

Piketberg • Velddrif • Citrusdal

MONDHIGIËNE
ALGEMENE EN VOORKOMENDE TANDHEELKUNDE
HERSTELLENDE TANDHEELKUNDE
ORTODONTIESE TANDHEELKUNDE
MONDCHIRURGIE
KOSMETIESE TANDHEELKUNDE
BLEIKING
MONDSKERMS
BOTOX- EN FILLER BEHANDELING

Slegs per afspraak :
Piketberg - 022 913 1630
Velddrif - 022 783 0207
Citrusdal - 022 921 3110

@bergrivierdental

PIKETBERG PHYSIOTHERAPY

082-440-8500
piketphysio@gmail.com
1926 Building, corner of Church & Voortrekker Street, Piketberg

WYNLAND
GRONDVERSKUIWING.com
082 416 2543

Masjinerie te huur:
* 5 tot 33t Slootgrawers
* Stootskrapers D6 & D8
* Padskrapers
* Dumpers
* Rollers
* Waterkarre
* Masjinerie vervoer
* Diggerloaders ens.

Dienste:
* Damme bou en herstel
* Paaie
* Bouplatforms
* Siviele werk
* Plaveisel pak
* Ontbossing
* Grondvoorbereiding
* GPS Rip en Ridgewerk
* Spitdol en Ontworteling

ROLAND RHODES
082 416 2543
wynlandplant@gmail.com

Badisa Jaarvergadering

Badisa Piketberg het hul Algemene Jaarvergadering op 20 Augustus gehou met Eerwaarde Ellsforth Booyse van die Mount Olive Community Church as spreker. By hom is Irene Baron, sy vrou Raydene Booyse en Jody Jagers.

10 September 2026
NG Kerk Lenteaand
Petro Kotze-Odendaal
Tema: Die pad na vergifnis en genesing
R250 sluit 'n aansit ete in
Mans en dames welkom

Kyla van Heerden
Biokineticist

Biokinetics is a specialized healthcare profession that focuses on using exercise and physical activity to prevent and manage various medical conditions and injuries. Biokineticists are trained professionals who assess, prescribe, and supervise exercise programs tailored to individual needs.

BIOKINETIC SERVICES

- **Postural Analysis**
- **Assessment, Evaluation and Exercise Prescription**
- **Orthopaedic Rehabilitation**
- **Chronic Disease Management**
- **Pain Management**
- **Functional Fitness**
- **Sports Performance Enhancement**
- **Corporate Wellness**
- **Home visits**
- **Discovery Vitality Fitness Assessment**

CONTACT

Hoofst 24, Piketberg
kylavanheerden.bio@gmail.com
082 857 4117
www.kineticvitalityhealth.co.za

Golden Games in Bergrivier

Bergrivier Municipality once again celebrated the energy, resilience and community spirit of its senior citizens through the **2026 Golden Games**, bringing older persons from across the Bergrivier Municipal Area together for a day of friendly competition, physical activity and social connection. The annual Golden Games, which took place on 29 July 2026 at the Rhino Park Stadium in Piketberg, gave senior citizens an opportunity to remain active, build friendships and enjoy healthy competition in a supportive and enjoyable environment. More than simply a sporting event, the initiative promotes healthy and active ageing while recognising the important role that older persons continue to play within their families and communities. Participants representing various service centres across the Bergrivier Municipal Area enthusiastically competed in a range of sporting and recreational activities, including **Jukskei, Rugby Ball Throw, Goal Shooting, Duck Walk, Ring the Stick, Brisk Walk, sprint and relay events, Dominoes and Egg-and-Spoon races**, among others.

Mílah Rekenmeester

Mílah Baard, PHS 2019, verwerf in Junie 2026 haar Baccalaureusgraad en SAIPA akkreditasie. Ná skool sluit Mílah by Roelof Oosthuizen Ingelyf aan en begin haar SAIPA leerling rekenmeesterskap. Gedurende hierdie tydperk studeer sy deur UNISA en voltooi haar SAIPA praktiese opleiding. Met die Junie 2026 SAIPA Professionele Evaluasie Assessering is sy bevoeg bevind as Professionele Rekenmeester. Sy is lid-maatskap aangebied wat vanaf Oktober in werking tree.

A MUST SEE DEAL

A frame (to the value of R1200) and lenses.

Single vision **R1850**

Bifocal **R2150**

Multifocal **R2950**

COME VISIT US AT OUR NEW PREMISES

Piquetberg mall, Shop UL28 (top of the escalators) | **Piquetberg**

Call us: 022 913 1349 | WhatsApp: 082 766 9431

BIERMANGROBBELAAR

OPTOMETRISTS

RENTL®
ASSET MANAGEMENT

PIKETBERG

Properties Wanted

We have a number of pre-approved tenants and are currently seeking properties to match their requirements.

Lishka Olesen
060 764 6802
piketberg@rentl.co.za

www.rentl.co.za



400 at LoTYDE

More than 400 learners attended the leaders of tomorrow youth development exhibition (LoTYDE) at Steynville Primary School, the 10th of its kind, hosted by Bergrivier Municipality. Through continuous support and contributions by the Department of Education, LoTYDE was established in 2015, being driven by the Office of the Executive Mayor, expands annually. Piketberg HS, Porterville HS, Steynville SS and Velddrif HS were present. Higher education institutions such as Gene Louw Traffic College, University of Stellenbosch and the University of Cape Town, showcased some of the courses and bursaries they have on offer. The National Student Financial Aid Scheme assisted learners with information. Nedbank and Standard Bank provided learners with information on various account packages and student loans. Learners had the opportunity to engage directly with representatives and ask questions about their future study and career options. Entertainment by MC Ashley Pienaar and performer LudaG, helped create an energetic and engaging atmosphere. Every learner received a branded LoTYDE goodie bag which contained a water bottle, stress ball, pencil bag with stationary and snacks. Amazing prize-give aways included 5 Speakers, 5 headphones, 5 tablets and 1 laptop. Bergrivier Municipality thanks all participating institutions, schools, educators and stakeholders.

Executive Mayor Alderman Ray van Rooy, and Speaker of Bergrivier Municipality, Alderman Rhandall Swarts, handed over a laptop to a lucky learner who attended LoTYDE in Piketberg.

Blomweek 2026

EST. 1994 TRADERS WAREHOUSE

PIKETBERG

UPPER LEVEL SHOP 22 - BOLAND SPAR CENTRE,
54 LONG STREET | TEL: 022 913 1054

DON'T MISS OUT ON THE LAST OF OUR WINTER CLEARANCE SALE!

HURRY WHILE STOCKS LAST!

HELLO *SPRING*, HELLO NEW STOCK!

ACVV Piketberg kry 'n Motor

ACVV Maatskaplike dienste bedank die anonieme donateur van 'n splinternuwe voertuig. Hier ontvang ACVV-voorsitter, Marelise Vercuiel die motor van Christo Booysen van MMG Toyota, Vredenburg, en onder is maatskaplike werkers Téola McKenzie, Ash-Lynn Jonathan en Lee-Andrea de Bruin.

Radie Kotze Hospitaal
Nuwe kontaknommer: 022 913 1013

LUNA HEALING

Remedial Sports Therapist

Mellissa Williams

Contact:
082 301 0048

Luna Healing

ACVV Blomweek Pannekoek

Tydens Blomweek het ACVV Piketberg olv Elmarie van Rooyen pannekoek op bestelling gebak. Die vlytiges is Johan van Heerden, Alettha Rust, Alta van der Walt, Sonja Wend, Sonja Lambrechts, Elmarie van Rooyen, Mandy Stanley, Naomi Rousseau en Sarie van Heerden.

piketberg mediese sentrum

Tel: 022 913 1146
Praktyk kontaknr tydens beurtkrag: 064 0710 395

Ma - Vry: 08h00 - 17h30
Sat: 08h00 - 13h00

Dr Pieter Bruwer (Spesialis Huisarts)
Dr Sam Scheepers (Algemene Praktisyn)
Dr Bibi Werle (Sonar)
Ilse Bruwer (Spraakterapeut)
Merina de Waal (Dieetkundige)

Roots&Boots

New and exciting concept store just opened its doors in Piketberg. Located in the newly renovated Piquetberg Mall, Roots&Boots offers a diverse product range of premium-quality ladies' footwear and handbags, beautifully curated indoor plants, and locally sourced cut flowers. The idea behind Roots&Boots was developed by Morgana van der Merwe, who moved to Piketberg in October 2024. Morgana has a degree in horticulture and an obsession with plants and the outdoors. "I came up with the idea while chatting to my father, who has a lifetimes experience in the fashion and retail industry. We identified the opportunity for an upmarket shopping experience, something that the customer would normally drive to the city for. We decided to combine our skill sets, and the idea for Roots&Boots began to take shape." Roots&Boots offers genuine leather footwear and handbags, as well as a premium synthetic range. The indoor plants are hand-picked and carefully curated, with a focus on low maintenance, but unusual plants. The cut flowers are sourced from local growers, and emphasis is put on reducing waste and optimising shelf-life; as such the cut flower range is kept small but restocked regularly. Custom bouquet orders are welcomed. The Roots&Boots store is located on the upper level of the new Piquetberg Mall, and is open seven days a week. You'll be welcomed by two lovely sales assistants, Chenayda and Bridgette, and you'll usually find Morgana pottering around, if she isn't out searching for exciting new products, or running after her three year old son.

Owner Morgana van der Merwe, middle, with assistants Bridgette Pieters and Chenayda Esau.

VLV Kongres

Pine Lodge was die venue vir vanjaar se 96ste VLVK-Kongres met 350 afgevaardigdes uit 119 VLV-takke regoor Kaapland. Die openingspreker, Ajit Gopalakrish-

nan gesels oor die gebruik van AI. ***Min Ivan Meyer, Dept. Van Landbou in die Wes-Kaap,*** een van die sprekers, is ***op die foto saam met Elsabé Carstens(Sirkelpresident, Sirkel Weskus).*** Die Dankie-persoon was- Justin Terblanche, betrokke by 'n wil-

dreservaat in die Oos-Kaap vir die bewaring van renosters. Dr Heather Rauch (Gesondheid) hanteer die onderwerp oor Alzheimer - breingesondheid. ***Kokkedoorwenners, Dirk en Hanna van der Merwe*** gee nuwe idees vir Winterkos. Kunste-en Handvlyt was kreatief met Nelmarie Oosthuizen. Sy vertel hoe om mooi artikels uit eko -hars

te maak. Marie Vermeulen (Openbare Sake), VLV-Carnarvon, deel haar getuienis oor haar twee ongelukke, groot droogte en haar deursettingsvermoë om 'n naaldwerkwinkel te open. Sy vertel wat die "bokse vir boervrouens" spesiaal vir haar beteken het. 'n Groot hoogtepunt is gewoonlik al die takke se kompetisie-artikels wat uitgestal word. Piketbergtak kry die **Margaret Harveytrofee** vir 'n **3deplek in fotografie deur Mareza Smit.** Ilse Hanekom se gehekelde kussing kry 'n 4deplek. Welgedaan! Moira van der Westhuizen se tee&koffie skildery, Lettie de Waal se somersrok en Ilse Hanekom se trui is van die artikels wat ingeskryf is. Sirkel Weskus is aangewys as die sirkel met die meeste lede, 529. VLVK Tema vir 2026/2027 is Tyd is kosbaar!

Die volgende Piketberger verskyn op 8 Oktober 2026
Sperdatum is 29 September 2026.
Advertensies, rubrieke, nuus, foto's na diepiketberger@gmail.com

Blompot uit Herwinning

Tuinboulede Marilyn Solomons, Delina Fox en Carina Kennedy maak blompotte uit herwinbare materiaal.

Mr Mistoffelees Wen R1000

Sheila Bradnick met haar weninskrywing vir die Piketberg Blomweek Voëlverskrikker Kompetisie. Sy naam is Mr Mistoffelees. Sheila het haar R1000-wengeld aan Piketberg Dieresorg geskenk.

10 September 2026
NG Kerk Lenteaand
Petro Kotze-Odendaal
Tema: Die pad na vergifnis en genesing

R250 sluit 'n aansit ete in
Mans en dames welkom

André van Onselen 084 510 9627

H JORDAAN
FISIOTERAPEUTE INC.

Ons dienste:

- Shockwave
- TENS
- Dry needling
- Deep tissue release
- Fascia release
- Cupping
- Strapping
- Rehabilitation
- Home visits
- Chest physiotherapy

073 767 7888

9 Kerk Straat

VLV bly op hoogte

Dr Thys Smit en sy vrou Carien, tydens sy besoek aan VLV Piketberg, met die bekendstelling van sy boek, Anderkant 65. Hy vermaak die gaste met komiese staaltjies uit sy boek. Ook is antieke kombuis artikels uitgestal vir die Kultuur-erfenis. Opvoeding en Kultuurgasvroue onder is Delina Fox, Alta Vos, Netta Liebenberg, Mareza Smit (saamroeper) en Nicoline Brown (voorsitter).

Die volgende vergadering is op **10 September** om 09:30 by Piketberg Biblioteeksaal. Leefstyl gasvroue nooi alle belangstellendes om saam te kom kuier en leer. **Lititia van Zyl-Schultz** kom wys die vergadering hoe om thrifted klere stylvol te dra. Navrae: Nicoline Brown - Voorsitter 082 477 0665.

H Jordaan Fisioterapeute: Wêreldklas-tegnologie, kundige sorg en holistiese benadering

Vir Hanlie Jordaan is fisioterapie soveel meer as net die behandeling van 'n besering of pyn. Dit gaan oor mense, om elke persoon se unieke verhaal te verstaan, hulle te help om weer vertroue in hul liggaam te kry en hulle te ondersteun op die pad na 'n gesonder, meer aktiewe lewe. As fisioterapeut en eienaar van H Jordaan Fisioterapeute het Hanlie haar praktyk gebou rondom 'n eenvoudige, maar belangrike beginsel: elke pasiënt verdien persoonlike aandag, professionele sorg en opregte omgee. Hanlie se passie vir fisioterapie lê daarin om 'n tasbare verskil in mense se lewens te maak. Of dit nou is om iemand te help herstel ná 'n operasie of besering, pyn te verlig, beweging te verbeter of iemand weer terug te bring na die aktiwiteite waarvoor hulle lief is, elke klein verbetering maak 'n verskil. Haar benadering kombineer professionele fisioterapievaardighede met moderne behandelingstegnieke en tegnologie. Dienste by haar praktyk sluit oa rehabilitasie, droënaaldbehandeling, diepweefselbehandeling, "cupping"-terapie, taping, TENS, laserterapie, skokgolfterapie, longfisioterapie en tuisbesoeke in. Vir Hanlie is dit belangrik om nie net die probleem te behandel nie, maar om na die hele mens te kyk. Buite haar werk geniet Hanlie die eenvoudige dinge in die lewe: die natuur, tuinmaak, oefening, Pilates, koffie saam met vriende en tyd met haar gesin. Die liefde vir 'n aktiewe en gebalanseerde leefstyl vorm ook deel van haar benadering tot fisioterapie. Vir haar gaan goeie gesondheid nie daaroor om net pynvry te wees nie, dit gaan daaroor om sterk, onafhanklik en selfversekerd te wees om die dinge te doen wat vir jou belangrik is. Die opening van haar praktyk in Piketberg is vir Hanlie 'n spesiale nuwe hoofstuk. Haar doel is om die gemeenskap te voorsien van professionele, persoonlike en moderne fisioterapiesorg in 'n warm en verwelkomende omgewing. Met 'n kombinasie van kundige fisioterapievaardighede, moderne tegnologie en 'n holistiese benadering, wil Hanlie 'n plek skep waar elke pasiënt gehoor, verstaan en ondersteun voel. Uiteindelik is dit waarvoor Hanlie die liefste is: om mense te help om beter te beweeg, beter te voel en weer die lewe te geniet soos ons Skepper dit bedoel het.

Van Der Westhuizen
Oogkundige
Visie
&
Oog Sorg
Dienste sluit in:
Kinder Oog Sorg
Volledige Ondersoeke / Verskeie Bril opsies
Infeksie beheer / Foreign Body Removal
Kontaklense & Oplossings
Pakket Opsies / Lay-Buy beskikbaar
022 913 1747
022 921 2024
Besoek ons Webtuiste:
VDWOptometris.co.za

Services Include:
Specialised Kinesiology - Finding the root cause / Remove stress
Working on ALL levels: Mental / Emotional / Physical / Spiritual
Different Modalities for different issues
Willow Natural Supplements
Nirmana Vibrational Remedies
WILLOW
The Wellness Specialists
Holistic
Natural
Non-Invasive
Visit: WellnessOnline.co.za
CREATING HEALTH FROM WITHIN
NIRMANA WELLNESS

Foto regs: PHS Sang met Klavierbegeleiding. Goud: San-Mari Hanekom (Gr. 8) – Solo A, Solo B, Garchelle Phillips (Gr. 10) – Solo A, Mia van Wyk (Gr. 11) – Solo A, Lené Loubser (Gr. 11) – Solo A, Solo B, Solo C en Hoërskool Sangensemble – Solo A.

Piketberg Animal Care NPC

Advertensie beborg deur Sam en Berenice Scheepers

Die laaste Saterdag van elke maand het ons 'n stalletjie by Piketberg Bo-Berg-Mark.

Die eerste Saterdag van elke maand is ons by Nieuwedrift mark.

Besoek ons en ontmoet ons geredde diere, gereed vir aanneming. Kom kyk na pragtige serpe en ander artikels te koop.

Fun day out for families, dog-friendly, local stalls, good food.

Donasies:

Piketberg Animal Care NPC
Bank: Nedbank Ltd
Account: 131 809 7975
Branch Code: 198765

Katinka Morrison: 082 829 6918
Sheila Bradnick: 072 424 7988 (English)

Follow Us Online
@PiketbergAnimalCareNPC

Sirkuskaskenades **Deel 1 deur Anita**

Onthou julle nog toeka se jare van die Wilkie & Boswell Sirkus groep. Hulle aankoms was altyd by die waterfront in Kaapstad. Die optog in Adderleystraat was baie indrukwekkend met ponies, hokke met 'n olifant, tiere, honde en apies. Die Kaap se blaas-orkes het die voortou geneem tot by die Parade-grond waar hulle vertoef het. 'n Paar dae Suidelike Voorstede en dan Noordelike Voorstede en dan Platteland toe. Op elke dorp was dit werklik die hoogtepunt van die jaar. Almal wat kon, het gaan kyk hoe die reusetent opgeslaan word, asook die karavane waarin die artieste gebly het. En dan begin die makietie. Die olifant wat op 'n klein tafeltjie balanseer en sy slurp opkrul en eetgoed opslurp, was indrukwekkend. Tiere wat van alle kante op platformpies balanseer en met die sweepklap van die meester, die wondertoertjies uitvoer. Die ponies draf in met dames-artieste wat die wonderlikste balanseertoere uitrig, terwyl hulle nogal vinnig draf. Sommige het ook 'n apie wat toertjies op hul rug doen. Nou is dit die narre se beurt om laf te wees. Hulle is skreeusnaaks en kom tussen die toeskouers in en laat die mense skaterlag. Dan kom die man wat met vuur speel, aan die beurt. Hy swaai twee brandende stokke oral om sy liggaam, buk en klim oor sy hande met die vlamme weerskante van hom - dis doodstil - want as hy sou skrik kan hy hom lelik verbrand.
Het jul dit geniet?

Wes-Boland Eisteddfod: PHS Sang

Eskom Ekspo

PHS'ers Carel van Niekerk gr 12 en Jessica Olivier gr 10 neem deel in die Ingenieursafdeling by die Streeks-Eskom Ekspo vir jong Wetenskaplikes. Jessica verower 'n silwer medalje vir haar projek A Fully Recyclable and Reusable Can. *Met sy projek* Long Range Agriculture Systems, *behaal Carel 'n besonderse prestasie en ontvang die volgende toekennings:* • Beste projek in die Senior Ingenieursafdeling • Goue medalje – Ingenieursafdeling • 'n ASUS-skootrekenaar as die top-goue-medaljewenner • Beste Ontwikkelende Projek in sy ouderdomsgroep. *Carel is ook gekeur om later vanjaar by die nasionale kompetisie te gaan deelneem.*

Blomweek 2026

Tydens Blomweek van 23-30 Augustus 2026 was Piketberg 'n verrykende stilhouplek vir besoekers. Piket-Bo-Berg se blommeprag in die NGKerk en blomme en houtartikels in die sinagoge, was 'n skouspel van skoonheid. Baie dankie aan blomskenkers Rob en Mary Duncan, John en Marika Ince, Jaco en Helga Kotze, Angela Langton, Sanet Smit, Anniza de Villiers en Ian Niel Visser. Dorpenaars wat loof en blomme geskenk het, is Micky Visser, Sonja Wend, Reinet Jonker, Elbeth Liebenberg en Biddy Langenhoven. Dankie aan die reklamespan olv Reinet Jonker en elke diensdoener, orrelspeler en blom-gaan-haler. Vir die blomkunstenaars sê ons 'julle werk is asemrowend'.

Heavenly
CLEANING PRODUCTS

DEEP CLEANING · KILLS 99,9% OF GERMS* · FRESH SCENT · CLEAN HOME HAPPY HOME

POWERFUL CLEAN. GENTLE CARE.

Ontmoet Marguerite
Nuwe Agent woonagtig op Piketberg.
Ondersteun plaaslik.

WE DELIVER. JUST A PHONE CALL AWAY.

Charl en Alet
Eienaars van Heavenly Cleaning Products en Heavenly Fragrances.

Ons nooi alle gastehuise, besighede en skole uit om Marguerite te ondersteun en die hoë kwaliteit skoonmaakmiddels teen die beste prys aan te skaf.

Grootmaat ook beskikbaar.

Enige inwoners of besighede wat nie tevrede is met die kwaliteit nie, sal ons die produk terug neem of omruil.

★★★★ Julle sal nie spyt wees nie. ★★★★

PRYSLYS

PRODUK	GROOTTE	PRYS
Washing Powder	20kg	R400 (Ariel,Omo,Surf,Sunlight)
Handy Andy	25lt	R500
Jik	25lt	R500
Dishwash Sunlight	25lt	R520
Domestos	25lt	R520
Vanish	25lt	R500
Comfort	25lt	R490 (Blue, Pink, White)
Pine Gel	25kg	R920
Jeyes Fluid	25lt	R540
Sani Pine	25lt	R690
Bubble Bath	25lt	R520
Floor Stripper	25lt	R670

PRODUK	GROOTTE	PRYS
All Purpose Cleaner	25lt	(Cherry,Lavender,Pine)
Caustic Flakes	25lt	R800
Omo/Ariel Liquid	25lt	R590
Laminated Floor Cl	25lt	R690
Toilet Bowl Cleaner	25lt	R520
Sink Drain Cleaner	25lt	R490
Oven Cleaner	25lt	R560
Bicarbonate of Soda	25kg	R790
Car Wash @ Wax	25lt	R590
Anti Bacterial Dishwash	25lt	R690
Mechanical Hand Grid	25kg	R920
Spray on Polish	25lt	R590

Toilet Paper (48)
1ply
500 sheets
R270

Toilet Paper (48)
2ply
350 sheets
R290

Nota: Prys kan verhoog sonber enige Kennisgewing.

PRYSLYS

PRODUK	GROOTTE	PRYS
Omo Liquid	5lt	R130
Ariel Liquid	5lt	R130
Washing Powder	5kg	(Ariel,Omo,Surf,Sunlight)
Handy Andy	5lt	R110
Jik	5lt	R110
Sunlight Dishwash	5lt	R120
Domestos	5lt	R115
Vanish	5lt	R110
Comfort	5lt (Blue, Pink, White)	R110
Bubble Bath	5lt	R120

PRODUK	GROOTTE	PRYS
Handsoap	5lt	R120
Oven Cleaner	5lt	R125
Toilet Bowl Cleaner	5lt	R120
Car Shampoo	5lt	R120
Tyre shine	5lt	R310
Sani Pine	5lt	R160
Jeyes Fluid	5lt	R110
Hand Sanitizer	5lt	R195
Window Cleaner	5lt	R110
Sink @ Drain cleaner	5lt	R110

PRODUK	GROOTTE	PRYS
Laminated floor cleaner	5lt	R160
All Purpose Cleaner	5lt	(Cherry,Lavender,Pine)
Air Freshner	5lt	R120
Floor Stripper	5lt	R160
Bicarbonate of Soda	5kg	R250
Caustic Flakes	5kg	R250
Car Wash @Wax	5lt	R150
Anti Bacterial Dishwash	5lt	R150
Mechanical Hand Grid	5kg	R295
Spray on Polish	5lt	R160
Pine Gel	5kg	R210

Toilet Paper (48)	1ply	500 sheets	R270
Toilet Paper (48)	2ply	350 sheets	R290

Nota: Prys kan verhoog sonder enige Kennisgewing.

Bestellings moet geplaas en betaal word voor of op die 22ste van elke maand.

Marguerite Agent Piketberg

060 466 2393

Kontak my nou om jou bestelling te plaas en gehalte skoon te maak!

Op die Rakke van die Biblioteek

Vlug deur Wilna Adriaanse

Bespreking deur Gerna Croeser

Vlug deur Wilna Adriaanse en The Smallest Ones deur Popina Khumanda. Beide verhale speel af in die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK). Vlug is ’n fiktiewe spanningsroman, terwyl The Smallest Ones ’n ware memoir is waarin Popina Khumanda haar eie ervarings met die leser deel. Vlug handel oor Milla Roux, ’n vrou wat ná die dood van haar man en seun na die Kongo vlug. Milla vlug dus letterlik én emosioneel van haar traumatiese verlede weg. Sy probeer daar ’n nuwe lewe bou deur sjimpansees te versorg, maar oorlog en geweld dwing haar om weer te vlug. Saam met Graham en drie sjimpanseewesies onderneem sy ’n gevaarlike reis waarin sy uiteindelik haar trauma, haar verlede en haar gevoelens moet konfronteer. The Smallest Ones handel oor twee susters wat uit die DRK vlug na Suid-Afrika om ’n beter lewe te gaan soek. Popina was net vyf jaar oud toe rebelle haar dorpie aangeval het. Sy en haar ouer suster is gevange geneem en het vir ongeveer vyf jaar onder baie moeilike en gewelddadige omstandighede geleef. Uiteindelik het die twee susters ontsnap en ’n gevaarlike reis na Suid-Afrika onderneem om vryheid en veiligheid te vind. In Suid-Afrika het Popina uiteindelik ’n veilige plek in ’n kinderhuis in Despatch gevind. Sy het daar begin skoolgaan en later haar opleiding voortgesit. Die boek gaan dus nie net oor oorlog en swaarkry nie, maar ook oor oorlewing, moed, hoop, vryheid en die krag van opvoeding. Die tragedies van oënskynlik sinlose en eindelose geweld, die invloed daarvan op gemeenskappe en die hartverskeurende werklikheid van verkragtings en kindersoldate word in beide boeke aangespreek. Vlug en The Smallest Ones handel oor mense wat deur oorlog en geweld gedwing word om te vlug. Beide boeke beklemtoon die gevare waaraan onskuldige mense tydens konflik blootgestel word. Trauma, oorlewing, verlies en veerkragtigheid is belangrike temas. In albei verhale moet die hoofkarakters fisiese- en emosionele uitdagings oorkom om veiligheid te bereik. Die werke wys dus hoe oorlog mense se lewens vernietig, maar ook hoe sterk die menslike gees kan wees.

Nog titels van Wilna Adriaanse: ’n Ongewone belegging, Jasmyn, 2001; Alleenvlug, Jasmyn, 2002; Die reuk van verlange, Jasmyn, 2003; Serenade vir ’n nagtegaal, Jasmyn, 2004; Rebecca, Tafelberg, 2004; Hande wat heel, Hartklop, 2005; Met ander woorde, Tafelberg, 2006; Die boek van Ester, Tafelberg, 2008; Vier seisoene kind, Tafelberg, 2010; ‘n Klein lewe, Tafelberg, 2012; Dubbelspel, Tafelberg, 2014; Eindspel, Tafelberg, 2017; Blindside, Tafelberg, 2019 (Translation of Dubbelspel); Endgame, Tafelberg, 2020 (Translation of Eindspel); Vlug, Tafelberg, 2021; Grensloos, Tafelberg, 2025 en as Wilmine Burger: Die wingerd sal weer bot, Lapa, 2000; ’n Heildronk op die liefde, Lapa, 2002; Liefde is ’n kleur, Lapa, 2002; Brug van woorde, Lapa, 2004; Vlug is by die Openbare biblioteke beskikbaar en The Smallest Ones is beskikbaar op Libby.

Sluit aan by jou naaste biblioteek om deel te word van Libby, Biblioteekdiens se aanlyn biblioteek, waar jy gratis toegang het tot verskeie fiksie en nie fiksie titels asook tydskrifte van oor die hele wêreld op jou selfoon, tablet of rekenaar.

PCS Mud Challenge

By PCS se jaarlikse Mud Challenge op Kolsvlei, het Sacsfit saam met PCS kragte gespan om die dag se 8.6km 'extreme' - en 5km roete nog meer prettig te maak. Deelnemers moes deur stof, modder en oor hindernisse klim en klouter om die roete te voltooi. Oud en jonk het hulle gate uit geniet en daar is heerlik gelag. Nuwe vriendskappe is gesmee en uithouvermoë is getoets. PCS bedank almal wat daar was.

PCS Footloose - The Musical
15 Oktober 2026

Jankielsohn family: Dean, Lauren, Robyn, Robert, Jana with Olivia and Philip.
Guinness and Jameson.

Wes-Boland Eisteddfod

Afrikaans | Graad 10–12

Baie geluk aan PHS-leerders met hul uitstekende prestasies tydens die Wes-Boland Eisteddfod 2026.

CUM LAUDE: Greeve Koen – Prosa, JT Mdabuli – Prosa, Marene van Zyl – Onvoorbereide Lees,

Anandri Pretorius – Prosa

GOUD: Tammy Boys – Onvoorbereide Lees, Cassidy Salfirus – Prosa
SILWER: Rodazné de Bruin – Poësie, Mia van Wyk – Onvoorbereide Lees, Dian Pool – Prosa

Die volgende Piketberger verskyn op 8 Oktober 2026
Sperdatum is 29 September 2026.
Advertensies, rubrieke, nuus, foto's na diepiketberger@gmail.com

DIE PIKETBERGER

20 Jaar gelede – September 2006
Redakteur: Pierre Steenkamp
Mede-Redakteur, berigte en foto's: Marietha Goosen
Advertensiebestuurder: Deon van Dyk
24 bladsye R1,00
Rubriek: Uit Jannie se Pen: Swartlandse Sangfees; Magdaleen van Zyl: Archers Bistro

Voorblad: Piketberg Skoukoninigin is Adéle Scholtz met René Kotze eerste prinses en Esterna Burger tweede prinses. Goud vir Org de Rac Landgoed. **PHS Gr5E hou die dorp skoon met die Collect a Can projek.** Praktika bied baanbreker bestuurskursusse aan. **Heinie Cruywagen bied boogskiet- en boogjag opleiding aan.** Caryn Pieters was deel van die FSA Youthexchange programme na Duitsland. **Riana Scheepers besoek Piketberg Leeskring.** Huldeblyk Anina Kitshoff 1986-2006. **Nuwe Intrekkers: Heini en Anna Mostert, Piet en Lindie Jordaan en Sakkie en Suzanne Burger met Jakobi en Letjé.** Retha McPherson, Mev SA 2004, by Vrouediens aand. **PHS'ers neem deel aan Stellenbosch Wetenskap Expo: Bertus Eksteen, Stephanie en Nadia Hougaard en Elmirique Smit.** Diedricht Brand en Christel le Roux trou op 10 Junie. **Paul Laas klim Kilimandjaro.** 'n Netbal Doelkliniek by PHS is geborg deur Megasave en aangebied deur Iza Schreuder en Hettie Greeff. **Ricus Coetzee is opgeneem in die atletiekspan van Paarlskool wat in September by die Wes-Kaap Universiteit deelneem.**

Stik&Stoffeer

Christo: 083 399 7988
Linda: 083 501 3637
022 913 3326
oregonandmore@telkomsa.net

- Stoffering van banke en stoele
- Motorsitplekke
- Trekkersitplekke / Bakkiesitplekke
- Wye reeks stoffeer- en gordynmateriale om van te kies en bestel
- Restourasie van meubels
- Geskenke en Dekor
- Slyp van messe

Langstraat 59, Piketberg
Reg oorkant AGRIMARK

~ Waar mooi maak en nuut maak nooit ophou nie! ~

MEDIESE PRAKTISYNS

Drs Smit & Morrison

Hoofstraat 60 Main Street
PIKETBERG
7320

☎ 022-913 1172
alle ure / all hours
📠 022 913 1907

Besigheidsure / Business Hours
Ma - Vry 08:00 - 17:30 Mo - Fri
Sat 08:00 - 13:00

Dr Stephanie Strydom
Winelands Diabetes

info@winelandsdiabetes.co.za
www.winelandsdiabetes.co.za

021 863 0101
079 608 5747

Main Road 42A, Paarl
Hoofstr 24, Piketberg

Wes-Boland Eisteddfod: PHS Grondslagfase

Graad 1 Afrikaans Huistaal: Grayson Pascoal: Goud, Neliya Sterkenburg: Goud, Michiel van Rensburg: Silwer, Emcké Scholtz: Goud, Lisa Strydom: Cum Laude. English FAL: Yahna Jaftha: Cum Laude, Grayson Pascoal: Goud, Michiel van Rensburg: Silwer, Neliya Sterkenburg: Goud, Lisa Strydom: Cum Laude, Riley Booyse: Goud, Nika van Niekerk: Silwer.

Graad 2 Afrikaans Huistaal: Mianke Burger: Silwer, Mienel van Zyl: Goud, Jade Cornelius: Goud, Timia Sauls: Goud, Anné Eksteen: Cum Laude. English FAL: Ilke Mouton: Goud, Magda Cruywagen: Cum Laude, Phoebe Afrikaner: Silwer. English Home Language: James Liebenberg: Silwer.

Graad 3 Afrikaans Huistaal: Cara Carstens: Goud, Zandberg Janse van Rensburg: Silwer. English FAL: Sarina Langeveldt: Cum Laude.

Wes-Boland Eisteddfod English

Cum Laude: Greeve Koen – Prose, Henco Marais – Poetry. Gold: Sanjay Alexander – Unprepared Reading. Silver: Li-Zay Elan-Puttick – Prose, Chirstie Heyns – Prose, Jordan Visagie – Unprepared Reading. Izabella Theron – Unprepared Reading, Chloe Slinger – Unprepared Reading, Tamzyn Waterboer – Unprepared Reading.

Baie geluk aan Li-Zay Elan-Puttick met haar uitstekende prestasie tydens die Wes-Boland Eisteddfod – Afrikaans Huistaal, Cum Laude vir Poësie.

Die volgende Piketberger verskyn op 8 Oktober 2026
Sperdatum is 29 September 2026

Advertensies, rubrieke, nuus, foto's na diepiketberger@gmail.com

NSA Skeidsregter

JT Mdabuli was vanaf 5-11 Augustus by die Spar Nasionale Netbal Kampioenskappe wat deur Netbal Suid-Afrika aangebied word. As jongste skeidsregter by die toernooi het hy o/21- en senior wedstryde geskeidsreg. By hierdie toernooi is JT se "recommended NSA C" bevestig en hy is nou amptelik 'n NSA C skeidsregter.

Kavaliers Tennis

Catryn Vercuiel neem deel aan die Kavaliers Junior Wilson Tennistoernooi in die Strand. Sy behaal 'n derdeplek in die O/11-afdeling.

SUPERSPAR BOLAND
DEEL VAN DIE GEMEENSKAP, IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP

Day One Legacy: Boland SPAR owners Dean, Tanya, Robert and Philip Jankielsohn with Visagie, marking over 35 years of dedicated service and community spirit in Piketberg.

PIKETBERG In the fast-moving world of retail, faces come and go. But at Boland SUPERSPAR in Piketberg, there is one constant, reassuring presence who has been there since the very beginning: Marlene Visagie. Marlene has been part of the fabric of the store since Day 1, embodying the heart of the philosophy that owners Dean, Tanya Robert and Philip Jankielsohn built the business on: "We are in the people business and we just happen to be selling food."

Present for the Very First Opening

Marlene's incredible journey began in the late 1980's when Dean and Tanya first opened Boland SPAR's doors on Hoof Street (where Raimondi's is located today). She was one of the first casual workers of a tiny, tight-knit team of just 13 original staff members.

Marlene's incredible journey actually started when she was still a school student, working as a casual till packer at just 17 years old., Marlene was proud to be part of that historic tiny, tight-knit team.
In those early days, she did a bit of everything. She started helping out on the shelves, learned how to operate the tills, and even spent time making the store's ice cream.

Her very first official shelf assignment was the sweets aisle, followed by a move to the Health & Beauty department. Working those specific aisles by hand gave her a deep, foundational understanding of the products and what the Piketberg community looked for when they walked through the doors.

The Era of the Price Gun

Retail looked very different in 1987, long before modern computers and digital shelf labels took over. Marlene laughs when she remembers the daily struggle of the old-school price guns. Whenever prices changed, there was no simple system update. Marlene and the team had to physically go to the shelves, scratch the old paper labels off every single product, and click a new paper label onto each item. It was tedious, time-consuming work, but it taught her an unmatched attention to detail.

Master of the Floor Stock & Supplier Champion

Over the decades, retail evolved, and so did Marlene. Today, she serves as the store's Floor Supervisor, holding the vital responsibility for ordering the stock on the floor.

Her specific role is the engine room of the daily grocery flow. Keeping a supermarket properly stocked takes an incredible amount of coordination and foresight. Because Marlene has watched the store scale from its 13 person beginnings on Hoof Street to its current bustling home at 54 Long Street which now employs 170 staff members, she has developed an intuitive instinct for what needs to be ordered and when.

Crucially, Marlene holds an incredible advantage built over three and a half decades: her deep, long standing relationships with the SPAR Distribution Centre buyers and independent suppliers. Because they have worked together for so many years, Marlene knows exactly who to call to negotiate the absolute best deals, ensuring she passes those savings directly onto her loyal Piketberg customers.

The Legendary Streak: 35 Years Without a Sick Day

Beyond her retail skills, Marlene holds a record that sounds almost mythic to anyone who works in a bustling store environment: in over 35 years of service, the team cannot recall her taking even a single sick day. Her legendary resilience and unwavering commitment mean that rain or shine, through every retail shift and challenge, Marlene is always there on the floor.

A Living Piece of Boland SPAR History

Marlene has witnessed every milestone, every barcode revolution, and every chapter of growth in Boland SPAR's history. Generations of Piketberg shoppers have grown up seeing her on the floor. The schoolgirl who started packing tills at 17 is now a cornerstone of the workplace culture.

From scratching off paper price tags on Day 1 to fighting for the best stock deals today, Marlene Visagie's 35+ years of service represent the ultimate story of dedication, reliability, and community spirit.

SUPERSPAR BOLAND
DEEL VAN DIE GEMEENSKAP, IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP

SUPERSPAR BOLAND

DEEL VAN DIE GEMEENSKAP, IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP

tops! at SPAR

WINE ROUTE

A TASTEFUL EXPERIENCE

Tickets available at Boland Superspar or at the gate on the night of the event.

Friday
11 Sept 2026
18:00
Smart Formal
R300 pp

- ORG de RAC — ORGANIC WINE — SWARTLAND · SOUTH AFRICA
- CEDERBERG WINES
- APEROL 1919
- ROBERTSON WINERY — ESTᴰ 1941
- Tulbagh Winery — SINCE 1906
- SILKBUSH — THE MOUNTAIN VINEYARDS
- SCHENKFONTEIN
- KLOOVENBURG — ANNO 1704
- burger family — since 1864 — RIETVALLEI WINE ESTATE
- BEER WITH ATTITUDE — CEDERBERG BREWERY — SINCE 2009
- Piekenierskloof WINES
- OLIVE BROOK WINES
- BON COURAGE ESTATE
- FRAM
- NIEUWEDRIFT WINE ESTATE
- BERG COFFEE — EST 2020 — ROASTERY
- MOTHER ROCK

WINE KULCHA at tops!

Piketberg High School

IN SUPPORT OF PHS

SUPERSPAR BOLAND

DEEL VAN DIE GEMEENSKAP, IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP